

21 April

Johannes 19:22-24

Ware offerwerk

Daar is ook 'n tweede moment wat die verdeling van die klere van Christus aan ons uitbeeld. Dit raak die ware offerwerk van Christus.

Johannes, wat naby die kruis was, meld ook nog die besonderhede in verband met die onderkleed. Dit was uit een stuk geweeft slegs met splete vir die kop en arms sonder enige nate. Omdat die onderkleed waardeloos sou wees as dit opgeskeur sou word, besluit die soldate om hierdie kledingstuk se eienaar deur die lot te bepaal.

Dis nie sonder rede dat Christus se onderkleed uit een stuk geweeft was nie. Ons weet dat die hoëpriester se kleed ook uit een stuk materiaal geweeft was (Eks 28:31, 32). Ons weet dat die hoëpriester in die Ou Testament op die Groot Versoendag een maal per jaar geoffer het om versoening te doen vir die volk se sondes.

Johannes wil Christus se priesterlike aktiwiteit vir ons teken om Homself te offer tot die dood toe. As die klippe swyg, sal die klere van Jesus dit uitroep dat Hy die groot Hoëpriester is wat Homself kom offer het tot versoening van ons sondes. Watter troosvolle boodskap lê nie opgesluit in die verdeling van Jesus se onderkleed nie. Hy is die Hoëpriester wat ons met God kom versoen het. Dit beteken op die oomblik: Jy mag tot God nader. Die verhouding tussen jou en God is herstel. Op die oomblik is Christus jou Voorspraak aan die regterhand van die Vader. Hy tree daar Hoëpriesterlik vir jou in. Is dit nie vir jou 'n troos om te weet jy kan met jou gebede tot God nader nie? Is dit nie vir jou 'n troos dat jy kan weet dat jou sugte en sorge, ook in hierdie lewe, by God nie verborge is nie? Sal jy dan nie onophoudelik tot God bid nie?

Sing: Skrifberyming 10:1, 2Ds. T.J. Potgieter (Bloemfontein-Noord)